



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING

GRAAD 2

AFRIKAANS HUISTAAL

STEL 3: 2012 MODELVRAE

RIGLYNE BY DIE GEBUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Algemene oorsig

Die Jaarlikse Nasionale Assessering (ANA) is 'n summatiewe assessering van die verwagte kennis en vaardighede wat leerders aan die einde van graad 1 tot 6 en graad 9 moes ontwikkel het. As hulpmiddel vir die skoolgebaseerde assessering en om te verseker dat leerders die nodige selfvertroue ontwikkel om suksesvol deel te neem aan eksterne assessering, het opvoedkundige panele en vakspesialiste voorbeeldvraestelle ontwikkel wat onderwysers vir Taal- en Wiskunde-onderrig kan gebruik. Die voorbeeldvraestelle is ontwikkel, gebaseer op die kurrikulum wat oor die eerste drie kwartale van die skooljaar strek. Daar is ook 'n volledige Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets (ANA) vir elke graad. Die voorbeeldvraestelle, insluitend die modeltoets, is aanvullend tot die skoolgebaseerde assessering wat leerders deurgaans moet voltooi en vervang nie die skoolgebaseerde assessering nie.

2. Die struktuur van die voorbeeldvraestelvrae

Die voorbeeldvraestelle is ontwerp om verskillende tegnieke of style te illustreer om dieselfde vaardighede en/of kennis te assesser. Spesifieke inhoudkennis of 'n vaardigheid kan byvoorbeeld geassesseer word deur 'n meervoudigekeuse-vraag (waar leerders die beste antwoord uit die gegewe opsies kies) of 'n stelling (wat van die leerder vereis om 'n kort antwoord of 'n paragraaf te skryf) of ander soorte vrae (wat leerders vra om gegewe woorde/stellings met lyne te verbind, om gegewe sinne of patrone te voltooi, om hulle antwoorde met tekeninge of sketse te toon, ens.). Onderwysers en leerders sal dus 'n aantal voorbeeldvraestelvrae kry wat verskillend gestruktureer is, maar wat dieselfde spesifieke inhoud en vaardigheid teiken. Blootstelling aan 'n groot verskeidenheid vraagstellingstegnieke of -style gee leerders die nodige selfvertroue om op verskillende toetsitems te reageer.

3. Verband met ander leer- en onderrigbronnemateriaal

Sommige teksgedeeltes en vrae word doelbewus vir integrering met die graadverwante werkboeke verbind. Die voorbeeldvraestelle voldoen ook aan die vereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), graad R tot 12, die Nasionale Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklarings (NKABV) vir die onderskeie grade en die Nasionale Protokol vir Assessering. Hierdie dokumente, saam met ander dokumente wat deur 'n skool voorsien kan word, sal 'n ryk bron van bronnemateriaal vorm wat onderwysers in staat sal stel om lesse te beplan en om formele assessering uit te voer.

4. Hoe om die voorbeeldvraestelle te gebruik

Alhoewel die voorbeeldvraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les. Sorgvuldig geselekteerde individuele voorbeeldvrae of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 4.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas te stel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 4.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.
- 4.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.

4.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets.

5. Memorandums of nasienriglyne

'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

6. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die voorbeeldvraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het. Die tempo waarteen die werk in sekere skoolkwartale behandel moet word, is vervat in die betrokke Nasionale Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklarings (NKABV).

7. Gevolgtrekking

Die doelwit van die Departement is om die vlak en kwaliteit van leerderprestasie in die kritiese grondslagvaardighede van gesyferdheid en geletterdheid te verbeter. Die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoets is een instrument wat die Departement gebruik om vas te stel of leerderprestasie verbeter. Daar word van distrikte en skole verwag om onderwysers te ondersteun en om die nodige hulpmiddels daar te stel om die effektiwiteit van onderrig en leer in skole te verbeter. Deur van die Jaarlikse Nasionale Asseseringsmodeltoetse as deel van die onderwys hulpmiddels gebruik te maak, sal onderwysers leerders help om vertrouwd te raak met verskillende style en tegnieke van assessering. Indien die voorbeeldvraestelle behoorlik aangewend word, sal dit help dat leerders die toepaslike kennis opdoen en vaardighede ontwikkel om effektief te leer en om beter te vaar in toekomstige Jaarlikse Nasionale Asseseringstoetse.

Lees die storie en beantwoord die onderstaande vrae.

Ben en Vuvu is goeie maats. Hulle is in dieselfde graad 2 klas by die skool. Ben hou van teken in die klas en Vuvu hou daarvan om haar eie stories te skryf.

Juffrou Mpho is hulle klasopvoeder. Sy sê altyd dat boeke baie belangrik is. Elke dag voor die skool uitgaan lees sy vir hulle 'n storie. Daar is 'n plakkaat in die klas wat lees: **“Lesers is môre se Leiers”**.

Ben en Vuvu beplan om hulle eie storieboek te skryf. Hulle het ook vir hulle juffrou vertel wat hulle beplan. Ben het gesê dat Vuvu die storie sal skryf en hy sal die prentjies teken. Hy het vir juffrou Mpho papier gevra. Sy was baie bly, omdat hulle 'n boek wil maak en gee toe vir hulle die papier. Hulle het onmiddellik begin met die boek.



1.1 Onderstreep die regte antwoord.

Juffrou (Mo/Mhpo/Mpho/Mho) is hulle klas opvoeder.

1.2 Trek lyne om die sinne te voltooi.

1.2.1 Vuvu hou daarvan om prente te teken.

1.2.2 Ben hou daarvan om stories te skryf.

1.3 **Voltooi die sin.**

Ben en Vuvu is goeie

1.4 Omkring die regte antwoord.

Juffrou Mpho lees stories ...

A in die oggend.

B op 'n Maandag.

C heel dag.

D elke dag.

1.5 Nommer die sinne van 1-4 in die regte volgorde om die gebeure in die storie aan te dui.

Hulle begin die boek maak.	
Hulle beplan om 'n boek te maak.	
Hulle vra vir papier.	
Hulle het vir Juffrou Mpho vertel.	

2.1 Vul die regte antwoord in.

Wat het Vuvu en Ben beplan om te doen?

.....

2.2 Voltooi die sin.

Vuvu sal die storie skryf en Ben sal die prente

2.3 Omkring die regte letter.

Juffrou Mpho is baie bly omdat hulle ...

A	'n boek wil maak.
B	prente kan teken.
C	goeie maats is.
D	kan lees.

2.4 Antwoord slegs "Ja" of "Nee".

Het Ben en Vuvu papier gekry vir hulle boek?.....

3.1 Omkring die regte antwoord.

Vuvu is liefvir (somme/teken/lees/skryf).

3.2 Voltooi die sin.

Juffrou Mpho sê boeke is

3.3 Wat dink j y het Ben en Vuvu gedoen, nadat hulle die boek gemaak het?

3.4 Onderstreep die regte antwoord.

Ben en Vuvu woll 'n (prent/boek/storie) geskryf het.

3.5 Omkring die regte letter.

Ben is Vuvu se



- A juffrou
- B broer
- C pappa
- D maatjie

4.1 Kyk na die plakkaat en antwoord die vrae.

Lesers is Leiers

Hoekom lees ons?

- 📖 Nuwe idees te leer
- 📖 Nuwe woorde te leer
- 📖 Help ons met skoolwerk
- 📖 Dit is pret!



4.1 Skryfj ou eie opskrifvir die plakkaat.

Hoekom lees ons? Gee een rede vanaf die plakkaat.



.....

4.2 Wat doen die kinders op die plakkaat?.....

4.3 Hoekom lees hulle?

4.4 Vul die ontbrekende woorde van die plakkaat se opskrif in.

L..... is L.....

4.5 Skryf 4 of 5 sinne oor waaromj y dink dit belangrik is om te lees of waaromj y van boeke hou.

5. Skryf klein en hoofletters korrek.

5.1 Kopieër die letters.

d e k q t y

5.2 Kopieër die letters.

D E K Q T Y

5.3 Ontwerp j ou eie voorblad virj ou storieboek.

Jy moet die volgende op j ou voorblad het.

Titel

Skrywer

Illustreerder

'n Prentjie wat handel oorj ou storie

5.4 Kopieër die volgende sinne korrek oor op die lyne.

Ek lees graag stories oor feetjies.
My broer lees boeke oor seerowers.
Pappa lees die koerant.
Mamma lees die Huisgenoot.

6. Skryf die sinne en vul die nodige leestekens in.

6.1 ons gaan na durban om vakansie te gaan hou

6.2 Watter storie het j y gelees

6.3 Ek speel graag met my poppe balle lego's en albasters

7. Gebruik die teenswoordige en verlede tyd korrek.

7.1 Trek lyne om die teenswoordige tyd woorde met die verlede tyd woorde te verbind.

gaan gekyk

sit gesit

kyk gegaan

7.2 Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

geteken gegee

Juffrou Mpho het vir hom papier.....

Ben het 'n mooi prent.....

7.3 Skryf die sinne in die verlede tyd.

Vandag maak hulle 'n boek.

Gister.....
...

7.4 Skryf 'n sin en gebruik die onderstaande woorde.

sit

.....
..

kyk

.....

7.5 Lees die sin en omkring die regte antwoord.

Gister het hulle 'n nuwe boek (gekoop/gekoop).

8. Omkring die korrekte woord.

8.1 Hy lees elke dag (vuur/vier) boeke.

8.2 Omkring die regte woord.

Ek gaan (skaal/skool) toe.

8.3 Maak 'n kruis op die regte woord.

Ek wil vandag 'n rok dra/draa.

8.4 Onderstreep die regte woord.

Dit is ons/os klaskamer.

9. Kies die regte woord.

9.1 Onderstreep die woord wat dieselfde beteken as klomp.

meer/baie/min/vet

9.2 Onderstreep die woord wat dieselfde betekenis het as kwaad.

gelukkig/woedend/ongelukkig/hartseer

9.3 Omkring die woord met die teenoorgestelde betekenis van vet.

groot/klein/maer/lank

9.4 Vul die regte antwoord in.

Die teenoorgestelde van lank is

10.1 Skryf 4 tot 5 sinne oor jou klas.

10.2 Skryf 4 of 5 sinne oor die onderstaande prent.



10.3 Skryf oor jou ou skool.

Begin elke sin met die volgende woorde.

My juffrou ...


My klas ...

My maats ...

Ek hou van ...

Ek hou nie van nie ...

10.4 Skryf een sin oor elk van die onderstaande prente.



.....



.....



.....



.....

.....